

Titel: Vorm My
Pastoor: Theo van Houten
Datum: 26 Augustus 2012
Tyd: 18:00pm



Sagaria 3:4, 9

4 Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: *Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere.* **9** Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het—op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek die HERE van die leërskaer, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg.

Jesaja 64:8

Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand

1 Petrus 1:6-7

6 *Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,* **7** *sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;*

Jakobus 1:2-3

2 *My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom,* **3** *want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.*

Romeine 5:3-4

3 *Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding,* **4** *en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop;*

Psalm 51:19

Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

Ezegiel 36:26-28

26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. **27** En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. **28** En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees.

Openbaring 1:6

en ons sy *koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen*

1 Petrus 2:5, 9

5 en laat julle ook soos *lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.*

9 Maar julle is 'n *uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,*

Johannes 15: 7-8

7 As julle in My bly en my woorde in julle, *vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.*

8 My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.

2 Chronicles 5:13-14

13 Presies gelyk, soos een man, het die trompetblasers en die sangers die **lof** en **dank** aan die Here laat weerklink. Die klank van trompette, simbale, allerhande instrumente en die loflied ter ere van die Here het opgeklank: "Want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie." Op daardie oomblik het 'n wolk die huis van die Here gevul. **14** Daarom kon die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die **magtige teenwoordigheid van die Here** wat die tempel van God gevul het.

Filippense 4:6-7

6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met **danksegging** aan God bekend. **7** En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Psalm 100

1 'n Dankpsalm. *Juig tot eer van die Here, almal op aarde!* **2** Dien die Here met blydschap! Kom voor Hom met **gejubel!** (singing) **3** Erken dat die Here God is: **Hy het ons gemaak** en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. **4** Gaan sy poorte binne met **dankliedere**, sy tempel met **lofsange**, dank Hom, prys sy Naam, **5** want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.